# Tippie ontdek

Tippie is baie opgewonde. Tien dae van pret wag op hom en sy maats.


Dag 1 - Tippie en Ouma bak — bladsy 4

Dag 2 - Tippie gaan kamp — bladsy 10

Dag 3 - 'n Muis in die huis — bladsy 16

Dag 4 - Trish se visse — bladsy 22

Dag 5 - Die wonder van kleur — bladsy 29

Dag 6 - Tippie maak vuur — bladsy 37

Dag 7 - Tippie speel in die reën — bladsy 44

Dag 8 - Tippie kry 'n fiets — bladsy 47


Dag 9 - Tippie help Robin — bladsy 51

Dag 10 - Tippie en Fikkie wen — bladsy 57

# Dag 1



Tippie is vroeg wakker. Hy gaan Ouma vandag met haar bakwerk help. Hy weet hoe meer hy help, hoe meer leer hy.



Oupa sê altyd 'n mens leer soveel meer en baie beter deur iets self te doen.

Tippie kyk na Ouma. Ouma weet hoe om te bak. Sy kan hom mooi leer. Hy en Oupa smul alte lekker aan alles wat Ouma bak.

Tippie se maag grom as hy aan kos dink. Hy is altyd honger. Oupa sê hy is soms net lus vir iets lekkers om te eet en nie regtig honger nie.

Waarom sou sy maag altyd brom en grom as hy aan kos dink?



Tippie weet as hy help, sal hy kans kry om skelm-skelm te proe.



Oupa hou ook daarvan om te proe. As Ouma raas, lag Oupa en sê dat hy net die tong-tip-pie-toets doen.

"Mag ek die deeg meng, Ouma?"




"Ek het 'n beter plan, Tippie. Jy kan help om die deeg plat te rol."


Tippie kyk hoe Ouma die deeg in vyf stukke deel en vra: "Waarom is daar vyf stukke deeg as ons net drie in die huis is?"



"Pappa en Mamma kom netnou saam met ons eet," sê Ouma en sit die bolle deeg voor Tippie neer.



"Jy kan hierdie bol deeg in 'n groot plat sirkel rol."



Tippie wag en kyk hoe Ouma 'n bol deeg met haar hand plat druk en begin rol, rol, rol.

Tippie druk die bol deeg plat en begin rol, rol, rol.


Hy knyp 'n stukkie van die deeg af en druk dit vinnig in sy mond. Na een kou kerm hy: "Agge nee. Jig. Dit is erg."

"Wat is fout, Tippie?" wil Ouma weet.

"Dit smaak sleg, sleg, sleg," kla hy.

Ouma kyk na Tippie en glimlag. "Jy is reg, Tippie. Hierdie deeg het nie 'n lekker smaak nie."

"Hoekom het Ouma nie gesê dit is slegte deeg nie?"



"Ek het nie geweet jy gaan aan die deeg proe nie."

"Ek wou net die tong-tippie-toets soos Oupa doen. Waarom smaak hierdie deeg so sleg, Ouma?"

"Hierdie deeg word net met meel, bakpoeier, water, bietjie olie en sout gemaak."




"Ouma het nog nooit sulke slegte deeg gemaak nie. Dit was altyd die lekkerste lekker om my vinger in die bak te druk en af te lek as Ouma nie kyk nie. Of, om die bak uit te lek as Ouma die koek in die oond het."







"Die ander deeg waaraan jy altyd proe, kry suiker, melk, eiers en botter in. Dit gee 'n heerlike smaak aan die deeg."

"Gaan ons vandag van hierdie slegte deeg kry om te eet?"

"Hierdie slegte deeg gaan sommer baie lekker wees om te eet. Kom, jy kan die kaas rasper en jy mag maar aan die kaas proe."

Terwyl Tippie Ouma help, knibbel hy aan 'n stukkie kaas. Hy druk 'n stukkie pynappel en daarna 'n olyf en repie spek in sy mond.

Tippie kyk na die oond en sê: "My maag brom en grom, Ouma. Die slegte deeg ruik baie lekker. Ek wens Pappa en Mamma wil nou kom. My mond water. Ek wil Pappa en Mamma ook vertel wat ek vandag ontdek het."

